

16 April 2020

Goeiemiddag kollegas

In hierdie onseker tye het ons een ding baie nodig en dit is wysheid

### **Prediker 1: 13**

*“En ek het my hart daarop gerig om met wysheid te ondersoek en na te speur alles wat onder die hemel gebeur. Dit is 'n moeilike taak wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel.”*

Dit is inderdaad 'n moeilike ding, om wysheid te hê om alles wat aan ons toevertrou is met kalmte en rustigheid te bestuur. Ons bid dat elke skoolhoof, skoolbestuur/direksie ook in hierdie tyd die wysheid wat alle verstand te bowe gaan mag ontvang.

Vind ook hierby aangeheg 'n Bybelstudie reeks vir geloofsopbou, u is welkom om dit aan u onderwysers, leerlinge en ouers te versprei.

Die spreekwoord sê dat uitdagings ook vir ons geleentheid bied. Vir ons as Christelike skole bied dii COVID-19 situasie gewis vir ons geleentheid om die goeie werke wat die Here aan ons toevertrou het te mag uitvoer.

#### **'n Paar gedagtes om te onthou:**

- Ons ICO skole, saam met die kerk, speel 'n belangrike en invoedryke rol in gemeenskappe.
- Hulle voorsien in onderwys-, sosiale- sowel as verhoudingsbehoefte van die gesin en gemeenskap.
- Skole het dus 'n gulde geleentheid om gesinne en gemeenskappe te ondersteun met hoop en toekomsvisie, die visie van God se koninkryk, sy soewereiniteit en sy regverdigheid.

#### **Prakties:**

- Beweeg naby u ouers en bly op hoogte van hul omstandighede. Wie het hul werk verloor en wie beleef werksonsekerheid
- Is daar leerlinge wat dalk nie genoeg kos het nie. Kontak die kerk se diakonieë om ook te help
- Is daar gesinne wat op ander maniere kwesbaar is, bv onstabiele gesinsomstandighede, siekte ens
- Bepaal waar daar nood is. Die administratiewe personeel kan help met 'n telefoniese opname.
- U skool kan in samewerking met ander gemeenskapsorganisasies dalk 'n versmalpunt vir voedselkenkings wees.
- Bou aan netwerke binne julle bepaalde gemeenskappe.

Laat ons in hierdie tyd die diens van barmhartigheid aan mekaar bewys soos die opdrag wat Jesus Christus aan ons gee naamlik om ons naaste lief te hê soos onself. Moenie dink dat as dit met jul skool relatief goed gaan dat dit met ander ook goed gaan nie. Reik uit na mekaar en ondersteun mekaar.

#### **Vergaderings**

- Afgelope Dinsdag het ek 'n vergadering via Zoom met verskillende Christelike assosiasies gehad waar ons kon deel in mekaar se uitdagings, en geleentheid. Dit is bemoedigend om te weet dat ons in hierdie omstandighede nie alleen is nie, dit waarmee elkeen worstel is worsteling wat by die meeste privaatskole voorkom.

#### **Hoofkantoor**

Posbus 21120, Totiusdal, 0134 | Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria, 0186  
E: saskiameijer@ico.org.za | S: 082 491 4965



**INSTITUUT VIR  
CHRISTELIKE ONDERWYS**  
AKSIE REFORMATOREISE SKOOLONDERWYS

- Ek het ook 'n Zoom vergadering met die Gauteng Joint Liaison gehad. Hier kan ek werklik terugvoer gee dat ons assosiasie, alhoewel ons regtig ook baie uitdagings het, waarlik nog geseënd is. Bitter min van die skole wat in baie arm gemeenskappe is kan aangaan met onderrig. Skole het nie kontakbesonderhede van ouers nie, aangesien selfoonnommers soms maandeliks verander. Daar is soveel innoverende planne wat gemaak word deur onderwysers en skoolhoofde. Een skoolhoof het 'n afspraak met die plaaslike apteek. Sy sit weekliks elke graad se werksvelle daar neer en ouers kan dit dan daar kom haal as hulle winkels toe gaan. Dit is 'n kreatiewe oplossing, in u omgewing kan u ook gebruik maak van die plaaslike vulstasie of apteek of Spar. Laat die ouers net weet dat u die werksopdragte daar gelaat het.
- Belangrik is dat NAISA 'n brief aan die minister v onderwys gerig het om dringend te kyk na die subsidies en daaraan aandag te gee. Verder rig die GJLC ook 'n skrywe aan die DBO met dieselfde versoek.
- Die grootste kommer van die skole is hoe om effektief te kan voortgaan met onderrig. Slegs 'n baie klein persentasie van leerlinge het werklik toegang tot wi-fi en data. Die grootste deel van die leerlinge kan glad nie onderrig ontvang nie. Hierdie feit gaan 'n invloed hê op die herstelplan.

### **Regeringsinisiatiewe.**

- Die Departement van Onderwys het 'n kurrikulumherstelplan opgestel (gedateer 6 April). Hierdie dokument is op die internet beskikbaar, maar waarskynlik nou verouderd agv die nuwe datums.
- Die DBO vergader met die unies sowel as ander belanghebbendes. Daar word gewerk aan gebeurlikheidsplanne, maar ander departemente soos die departement van maatskaplike dienste en departement van gesondheid moet ook hul insette lewer.
- Ons is bewus van heelwat dokumente wat die rondte doen, maar daar is tot op hede nog geen werklike amptelike skrywes uit nie. Indien nie-amptelike dokumente so rondgestuur word gee ons nie die saakgelastigdes kans om eers die sake mooi te deurtrap nie. Laat ons rustig wees en dit afwag. Die Here sal ook aan ons die wysheid op sy tyd gee om dit te hanteer.

### **In my gesprekke met van die skoolhoofde deel ek graag die volgende met julle.**

Ouers en kinders voel oorweldig. Dit was ook die tema van die Skuins voor Pouse van 15 April. Hulle voel oorweldig deur te veel of te min kommunikasie en inligting, onderwysers se werkslas het skielik verdubbel, ouers se rolle verander, hul moet ook nou onderwysers wees, daar is nie genoeg elektroniese toestelle vir al die kinders nie, die data is baie duur ens.

### **Begeleiding wat skoolhoofde aan onderwysers kan gee:**

- **Laerskool:** Hou dit eenvoudig, konsentreer op die basiese vaardighede, onthou hoeveelheid is nie altyd kwaliteit nie.
- **Kommunikeer:** Volledig, vroegtydig, spesifiek en gereeld. Maak verwagtinge duidelik aan die ouers en kinders. Byvoorbeeld: adviseer ouers om 'n weekplan op te stel. Gesinsroetine kan maklik daarby aanpas.
- **Kommunikeer na alle betrokkenes:** Ouers, onderwysers en leerlinge. Almal wonder oor die ontwrigte situasie. As kommunikasie nie gereeld plaasvind nie gaan hulle afleidings maak en dit lei tot spekulering.
- Wees versigtig vir **sosiale media**. Moenie fopnuus of ongeverifieerde inligting versprei nie, dit kan as 'n kriminele oortreding beskou word.
- Onthou die skooldag kan nooit 100% nagmaak word nie. 'n Roetine kan geskep word, maar dit is 'n nuwe normaal, nie die ou normaal nie. Die hoëskool sal dit uiteraard anders hanteer, veral gr 10 – 12
- Onthou hierdie is 'n langafstand wedloop, nie 'n 100m nie. Moenie alle energie reeds in week 1 en 2 gebruik nie. Versprei dit.

- **Aanlyn leer** is in die meeste gevalle **aanvullend**, nie vervangend nie. Die effektiefste leer vind plaas deur fisiese klasbywoning en 'n onderwyser voor in die klas.
- Onderwysers, ouers vind dit moeilik om 3 of 4 kinders in verskillende grade tegelyk te help. Hulbronne is soms beperk. Waak daarteen om ouers te oorlaai
- Hoofde, bly in kontak met julle personeel.
- Baie onderwysers het dalk reeds 'n deel van hul Maart vakansie ingeboet om voor te berei vir aanlyn leer. Hulle was kreatief, innoverend en het nie geskroom om grense te verskuif nie. Gee asb erkenning daaraan. Dit is ook vir hulle moeilik om hul eie gesinne saam met die nuwe uitdagings te koördineer.
- Kyk na u personeel se welstand. Hulle word waarskynlik ook finansiëel deur die situasie geraak. Ek weet van 'n hele paar onderwysers wie se mans eie besighede het, in die boubedryf is of elders werk waar hulle salarisse ingekort gaan word. Dit veroorsaak baie spanning by hulle. Waarskynlik gaan skoolhoofde dit nie kan oplos nie, maar wees asb 'n empatiese luisterende oor.
- Waar moontlik, verskaf data aan die personeel sodat hulle hul take kan uitvoer
- Ek weet van skole waar die hoofde 'n ondersoek geloods het om elke gesin se tegnologiese beskikbaarheid tuis te bepaal. Dit help baie met beplanning
- Belangrik om te onthou om ouers ook te herinner om die toestelle waarop die kinders werk te beveilig sodat inligting nie onregmatig versprei nie. Wees bedag op die verspreiding van persoonlike inligting deur die verskillende kommunikasieplatforms.
- Skoolhoofde, hou ook asb kontak met julle besture/direksies. Hulle is jul vennote en kan net weet wat werklik aangaan as julle hul gereeld inlig wat op grondvlak gebeur.

### **Regeringsinisiatiewe.**

- Die Departement van Onderwys het 'n kurrikulumherstelplan opgestel (gedateer 6 April). Hierdie dokument is op die internet beskikbaar, maar waarskynlik nou verouderd agv die nuwe datums.
- Die DBO vergader met die unies sowel as ander belanghebbendes. Daar word gewerk aan gebeurlikheidsplanne, maar ander departemente soos die departement van maatskaplike dienste en departement van gesondheid ook hul insette moet lewer.
- Ons is bewus van heelwat dokumente wat die rondte doen, maar daar is tot op hede nog geen werklike amptelike skrywes uit nie. Indien nie-amptelike dokumente so rondgestuur word gee ons nie die saakgelastigdes kans om eers die sake mooi te deurtrap nie. Laat ons rustig wees en dit afwag. Die Here sal ook aan ons die wysheid op sy tyd gee om dit te hanteer.

### **Finansies.**

- Skole word aangemoedig op die risikos mooi te bestuur. Kontak die ouers waarvan julle weet wat moontlik gaan sukkel met betaling.
- Onthou om ook die opsie van moontlike oortrokke fasiliteite vir jul skool by die bank te ondersoek om op kort termyn die pot aan die kook te hou.
- UIF: Dit is 'n moontlikheid wat ondersoek kan word, maar hou dit as 'n laaste opsie. Die skool gaan ook moet bewys kan lewer dat hulle glad nie meer die personeel kan betaal nie.

### **Wat gebeur as die staatsinperking opgehef word?**

- Ons het nie al die antwoorde nie, maar daar word druk daaraan gewerk.
- Daar sal indringend gekyk word na **maatreëls om almal te beskerm**, dit sluit in die dra van maskers, handreinigers en ander maatreëls wat toegepas moet word soos deur die regering bepaal.
- **Finansiële oorlewing** gaan hoog op die agenda wees, ouers gaan waarskynlik ook finansiëel geraak word deur hierdie grendeltyd
- Die **akademiese gehalte** van die kurrikulum van 2020 moet beskerm word. Geen kind moet 2021 betree met minderwaardige kennis nie. Daar gaan kreatief te werk gegaan moet word om dit

te realiseer, bv verlengde skoolure, maandelik verminderde assesserings, geen Junie eksamen nie, dalk net 'n toetsreeks, verlengde laaste kwartaal.

- Nie essensiële sake soos buitemuurse aktiwiteite kan maandelik vir die jaar geskrap word
- Onthou om ook dan voortdurend na julle gemeenskappe te kommunikeer. Hou hulle ingelig oor veranderinge.

#### **Vanaf ICO se kant:**

- Hoofde-zoom vergadering is geskeduleer.
- Raadsvergadering via Zoom gehou. Hulle is baie ondersteunend en dra elke skool op die hart.
- Toestemming gekry om **webtuiste** oor te doen. Vir 6 jaar het Mnr Ryno Botha dit gratis vir ons gedoen, maar dit het nou tyd geword om dit op te gradeer sodat die maandelikheid van die verspreiding van ons handboeke in elektroniese formaat ook groter kan wees. Ek sou dit graag nou reeds wou afgehandel gehad het, maar dit neem langer as wat ek gedink het. Ons maak van 'n professionele maatskappy gebruik om dit te bou. Die beplanning is reeds saam met hulle gedoen, ons is nou net afhanklik van hulle skedules. Die teikendatum wat gegee is, is die eerste week in Mei.
- Hou asb ook Musawenkosi, die skooltjie in KwaMhlanga in julle gebede. Daardie kinders, van wie baie weeskinders is, is orals versprei en min kontak kan gemaak word. Indien julle oulike Engelse hulpmiddels het, stuur dit asb per Whatts-App aan dat ek dit ook vir hul onderwysers kan stuur. Hulle kan dit gebruik vir die kinders wat hulle wel kan bereik.
- Kontak my gerus per oproep, Whatts-App of e-pos. Deel julle stories, wat werk wat werk nie. Onthou ons is 'n gemeenskap wat mekaar voortdurend moet ondersteun.

Ons bid vir elke skoolhoof, elke skool, leerling en ouers. Mag die Here ons genadig wees en aan ons die krag gee om te kan volhard.

Vriendelike groete

Saskia Meijer